# BESTUURSOPSOMMING

## Optimale rywydtes en saaidigthede vir Canola

Weens abnormale droë toestande op Langgewens Proefplaas en probleme met die ontkieming van Varola 44, is slegs resultate behaal met die aanplanting van cultivar Monty op Roodebloem gedurende 2003. Gemiddelde plantestande het soos in vorige jare toegeneem met 'n toename in plantdigtheid vanaf 4 tot 8 kg $ha^{-1}$, maar afgeneem met 'n toename in ry-wydte vanaf 225 mm na 340 mm. Opbrengs is egter nie soos in vorige jare, benadeel deur 'n toename in ry-wydte, en maksimum opbrengste vir ry-wydtes van 170 , 225 en 340 mm is verkry met plantdigthede van onderskeidelik 8, 6 en 4 kg. $ha^{-1}$. Monty kan dus moontlik onder gunstige groeitoestande met sukses gebruik word in bewaringsbewerkingstelsels waar wye ry-wydtes weens die teenwoordigheid van stoppeldeklae genoodsaak word . Plantdigthede kan moontlik ook onder sodanige wye rye afwaarts aangepas word, om produksiekostes te verlaag sonder om opbregste te benadeel.

Bostaande resultate is baie bemoedigend en kan, indien herhaalbaar, as 'n groot aansporing om canola as wisselgewas in te skakel in bewaringsboerderystelsels. Dit is egter noodsaaklik dat die projek nie, soos oorspronklik beplan nou beeindig word nie, maar voortgesit word. Daar is trouens reeds tydens vanjaar (2004) se aanplantings nuwe cultivars ingesluit. Indien die projek voortgesit word, sal triasien-bestande cultivars voortaan gebruik word om te verseker dat onkruide suksesvol beheer kan word. Indien Thrip befondsing verkry word sal daar gepoog word om 'n nagraadse student te werf om die vestiging en oorlewing van plante gedurende die eerste maand na opkom noukeurig te monitor. Dit sal ongetwyfeld bydra tot die identifisering redes vir swak en onegalige vestiging van Canola.